

Gereformeerde Kerk Bellville – 22 November 2015 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 131:1, 2 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyt / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Gebed

Psalm 66:6, 7 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgeware, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Skriflesing: Job 39:34-38; 42:1-6

Kernverse: Job 42:5

Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.
(Job 42:5 AFR53)

Tema: Gemeenskap met God laat ons nederig buig voor God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die dreuning van die storm waaruit God met Job gepraat het, weerklink nog in Job se ore. Hy staan stil voor God. Job het in sy vroeëre gesprekke sover gegaan om die Here uit te daag vir 'n tweestryd. Hy wou die Here uitvra na die wysheid en regverdigheid van sy regering in die skepping. Job het dit gedoen toe hy geworstel het om die verborge deel van God se wil te verstaan. Job wou die tweestryd met die Here aangaan omdat hierdie warboel van gebeure hom laat voel het asof die Here afwesig is.

Die Here het Homself hoorbaar gemaak aan Job – nie om sy baie vrae en verwyte te beantwoord nie – maar om vir Job op 'n reis saam met Hom te neem en vir Job te verseker

dat Hy nooit afwesig was nie. Job het 'n besondere tyd in gemeenskap met die Here gehad. Die Here het die grootsheid van sy wysheid, almag en regverdigheid aan Job getoon deurdat Hy die hele wêreld as sy klaskamer gebruik. Die Here het gevra, wat sal Job of watter mens dan ook al Hom kan antwoord? Sou Job op die vroeë antwoord, beteken dit dat hy sy saak met God wil voortsit, dat hy nog nie wil erken dat die Here met wysheid, almag en regverdigheid die skepping regeer nie. Sou Job stilbly, gee hy God gelyk. Dan erken Job dat die Here werklik wys, almagtig en regverdig is.

Na die eerste reeks vroeë staan Job stomgeslaan voor God. Al antwoord wat hy op al hierdie onderrig van die Here kan gee, is om te sê:

Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond.
(Job 39:37 AFR53)

Die eens spraaksame Job is egter stil voor God. Here, hoe sou ek U kon antwoord? Ek is heeltemal te gering. Job kan nie verder praat nie – nie omdat God hom met brute krag die mond gesnoer het nie, maar omdat die Here se argumente sy gedagtes ten toon stel – gedagtes wat baie groter en hoër is as dié van 'n mens. Die wysheid van die Here het Job oorweldig, want daar is geheime in die skepping waarvan 'n mens geen benul het nie. En tog ken God daardie geheime, want dit is sy geheime. Maar juis deur vir Job op die geheime in die skepping te wys, beklemtoon die Here dat Hy met groot wysheid regeer, ook in die lewe van Job. Die Here regeer met 'n weldeurdragte plan. Selfs die dinge wat vir 'n mens uiters deurmekaar lyk, pas ook in hierdie plan van God se regering in. Job se swaarkry was nooit buite die Here se wyse bestuur van alles nie. Die swaarkry wat Job getref het was juis deel van God se goeie en wyse regering.

Al die baie argumente met Elifas, Bildad, Sofar en Elihu kon Job nie by hierdie insig uitgebring het nie. Dit is net God se openbaring van Homself wat Job weer kon laat insien waar sy plek voor die Here en in die Here se regering is. Die kere toe Job gepraat het, het hy skerp en soms wilde stellings gemaak omdat hy tot in sy wese verlate gevoel het. Nou is die bewustheid van die Here se teenwoordigheid herstel. Job het sy plek voor die Here beter begryp.

Daar is een ding wat Job en ons baie goed moet raaksien. In alles wat met Job gebeur het, was hy nooit een keer deur God verlaat nie. Ja, in die warboel van alles wat gebeur het, het Job die besef van God se nabyheid verloor, maar die Here self was nooit weg van hom af nie. Job sou nooit hierdie drama in sy lewe kon oorleef het as die Heilige Gees hom nie deurentyd ondersteun en versterk het nie.

Dan begin Job in vertroue voor God buig, want daar is eenvoudig dinge wat bo sy begrip en verstand is, ook sy swaarkry. Ek het gepraat, sê Job, maar ek kon nie antwoord nie. Ek het weer probeer, maar nou sal ek eerder stilbly. Skaam omdat hy so te kere gegaan het in sy onkunde lê Job sy hand op sy mond. Dit is 'n teken van eerbiedige aanbidding van die Here. Job erken dat hy te veel gepraat het en dinge gesê het wat nooit gesê moes wees nie. Job onderwerp hom aan die Here se wysheid.

Broers, susters en kinders, dit is nie net Job wat stil word voor God se wysheid nie. Ook ons staan vanaand stomgeslaan voor die Here. Die Heilige Gees het nie net vir ons gesê dat ons Verlosser leef nie. Met die tekens van brood en wyn wat ons ontvang en gebruik het, het Hy vir ons weer gewys watter wysheid die Vader in Christus aan ons geskenk het. Die Here het ons in Christus uitgekies en deur Christus se lyding en sterwe heen het Hy vir ons die verlossing bewerkstellig. Op grond van Christus se verdienste aan die kruis het die Here ons regverdig verklaar. Hoekom het die Here dit vir ons gedoen? Ons kan nie

antwoord nie, behalwe om te sê dat die Here God is en Hy dit vir ons wou doen. Verder laat God se werk ons alleen in stille verwondering staan oor die wysheid van God. En ons buig in vertroue voor Hom neer, want sy wysheid het vir ons vreugde en blydskap meegebring, wat nie in woorde gesê kan word nie.

Ook die Here se almag en vrymag oorweldig vir Job wanneer hy sê:

Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.

(Job 42:2 AFR53)

Maar ook die almag en vrymag van God is verweef met wysheid en regverdigheid wat ons verstand te bowe gaan, want die Here gebruik sy mag altyd ten goede vir sy skepping wat Hy liefhet. Dit is net die Here – ons troue Verbondsgod – wat sulke verskriklike dinge wat met Job gebeur het, kan gebruik om juis die goeie te voorskyn te bring. Dit is net ons goeie God wat sy kinders kan belowe dat Hy ook die kwade tot hulle beswil kan beskik en dit ook doen. Wanneer ons op 'n aardse vlak na dinge kyk en aards van die Here se werk dink, sal ons ook nie maklik verder kom as wat die drie vriende van Job gekom het nie. Dit is net die Here wat vir Job en ons kan wys watter groot genade Hy juis deur die slegte dinge wat gebeur het kan beskik.

Dan bely Job dat hy verkeerd gepraat het. Hy bely nie 'n sonde soos wat sy vriende gemeen het hy moet doen nie. Hy bely dat hy met sy baie praterij verkeerd gedoen het. Hy het God se vermoë om die skepping wys en regverdig te bestuur betwyfel. En nou erken hy die wonderdade van God is te groot vir 'n mens om te begryp.

Geliefdes, die Here se almag, wysheid en regverdigheid laat 'n mens nie net in stille vertroue voor Hom buig nie. Job erken ook dat hy tot 'n verdieping in sy kennis van God gekom het. Tot voordat al hierdie dinge hom oorgekom het, het Job die Here nog net volgens hoorsê-getuigenis geken. Maar nou, na al hierdie worsteling en swaarkry het hy God gesien. Om God te sien soos Job hier sê, is nie om God in sy grote majesteit te aanskou nie, want ons kan God nie sien nie. Hy is onsienlik en Hy woon in 'n ontoeganklike lig. Om God te sien is vir Job om God nog beter te ken as vroeër. Soos wat dit beter is om self met jou eie oë te sien beter is as om maar net van iemand te hoor, so is Job se verhouding met die Here nou na al hierdie beproewings baie beter as wat dit voorheen was. God is waarlik alwetend, almagtig en volkome regverdig in al sy werk – in die skepping sowel as in sy werk met mense.

Job se hele worsteling in sy swaarkry was dus glad nie nutteloos nie. Die Here doen immers nie nuttelose dinge nie. Hy doen dinge wat ons nie ten volle kan begryp nie. Job se swaarkry was nie net om vir die Satan te bewys dat die Here reg oor Job geoordeel het nie, maar ook sodat Job die Here beter kon leer ken. Sy vertroue in die Here is versterk omdat hy die Here nou beter ken.

Alhoewel die Here vir Job geen direkte antwoord op al sy vrae gegee het nie, is Job tevrede. Hy het God gesien. Die Here het Homself aan Job bekend gemaak. En die Here is baie groter as enige antwoord wat Job kon verwag het. Hy weet nou dat God se hand om hom gevou is ten spyte van sy teenspoed, daarom kan hy weer lewe en rus beleef. Selfs nou, terwyl hy nog gestroop is van al die dinge wat hy voorheen gehad het, het hy berusting omdat hy die Here beter ken.

In die ware godsdiens gaan dit immers nie daarvoor om God en alles wat Hy met ons doen te verstaan nie. In die ware godsdiens betree 'n mens die wêreld van geloof. Die mens wat God in die geloof waarlik ken soos wat Hy Homself aan ons bekend maak, ervaar die

vrede waarvan Paulus vertel. Dit is 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Hierdie vrede laat ons nie in 'n droomwêreld lewe nie. Nee, ons voete bly op die grond, en omdat ons God ken, het ons rus en vrede te midde van alles wat met ons gebeur. Ons verstaan nie noodwendig hoekom alles met ons gebeur soos wat dit gebeur nie, maar ons het hierdie vaste vertrouwe dat die Here dit tot ons beswil doen. Dan kan ons Hom in diepe afhanklikheid bly smee om ons met wysheid toe te rus sodat ons te midde van die onverstaanbare beproewings steeds tot eer van sy Naam kan lewe.

Geliefdes, ons het ook nog nooit vir God of vir Christus gesien nie. Maar ons het die getuienis van God in sy eie Woord en die Heilige Gees laat ons die Woord verstaan. En nog meer, wat die Here in sy Woord vir ons sê en belowe het die Heilige Gees ook vir ons in die tekens van die nagmaal afgebeeld sodat ons God se onuitspreeklike groot liefde vir ons beter kan ken. Iedereen van ons het dit gesien en ons behoort nou die Here beter te ken as vroeër.

Ons het gesien en ons het aan die tafel gesit. Elkeen van ons wat aan die tafel gesit het, het die opregte voorneme uitgespreek om met ons hele lewe dank aan God te bewys, en opreg voor Hom te lewe. Ons neem ons voor om dit te doen omdat ons sê dat ons die Here ken – omdat ons Hom gesien het soos Job Hom gesien het. Mag die Heilige Gees aan ons wysheid en ondersteuning skenk sodat ons in hierdie voorneme kan volhard om ons Vader en ons Verlosser met so 'n godvrugtige lewe te verheerlik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 116:9, 10 (p. 570)

- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 November 2015